# WAAROM GEBEUR SLEGTE DINGE MET GOEIE MENSE?




**2. Die wil van God as fundamentele vertrekpunt en eindpunt**

# DIE GESPREK TOT HIER

- Alle mense (gelowiges en ongelowiges) is blootgestel aan die gebroke werklikheid van elke dag
- Die gebroke werklikheid is die gevolg van die mens se sondeval en nie deur God daargestel nie
- Slegte dinge gebeur dus nie omdat God dit wil of iets teen jou het nie
- Die hantering van negatiewe ervarings lê nie in die antwoorde op die vraag "waarom" nie, maar die vraag "waartoe"
- Jy kan negatiewe ervarings alleen reg verwerk deur geloof in God en sy beloftes

# WAAR PAS DIE WIL VAN GOD IN DIE GESPREK?

- *om 'n marathon te hardloop*
















# GOD SE **WIL** EN SY **PLAN** VIR JOU LEWE

- *God se wil gaan eksklusief oor God, nie oor mense nie*
  - Gén 1:27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
  - Opb 4:11 "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."
  - Matt 6:33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. vgl Matt 6:10 - Die Ons Vader gebed

# GOD MOET VERHEERLIK WORD

- In positiewe (goeie) dinge
  - 1 Ko 6:20 Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.
  - 1 Pet 4:11 As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid!
- In negatiewe dinge
  - 1 Pet 4:16 Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.

- Joh 11:4 Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

- God gebruik mense om sy wil uit te voer
  - God se plan (wedstrydplan - Stefan Joubert)
  - Sluit alles in: my persoon, toerusting, omstandighede, woon- en werkplek, positiewe en negatiewe gebeure, ens
  - God se opdrag:
    Matt 6:33 beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
    Joh 6:27 Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee

# GOD SE WIL EN SY PLAN VIR JOU LEWE

- Die grootste enkele probleem: menslike narsisme (Vgl Gen 1-3)
  - Mar 7:21-23 Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, ... hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein.
  - Job 35:12 Mense roep om hulp, maar Hy antwoord nie, want hulle is vol hoogmoed en boosheid.



# JESUS SE EIE WORSTELING

- Matt 3:15 Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen." Daarna het Johannes ingestem
- Matt 26:42 'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."
- Mark 14:36 Hy het gesê: "Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil."
- Luk 22:42 "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"

# DIE PRYS OM TE BETAAL

- Offer jou narsisme op
  - Fil 2:3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.
  - Rom 12:3 Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.
  - Jak 3:14, 16 Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie. Want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade.
  - Job 35:12 Mense roep om hulp, maar Hy antwoord nie, want hulle is vol hoogmoed en boosheid.

# VOLLE OORGAWE

- Volle oorgawe aan God - ongeag omstandighede
  - Rom 12:1 Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.
- Hou op om met God te veg - jy kan nie sonder Hom nie
  - God is nie jou vyand nie, maar jou vriend
  - Rom 8:31-32 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

- Rom 8:35-39 35 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?
37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons
liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte
39 of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.